Sondag, 3 Januarie 2010

Preekreekse – Sondae om 09:30 & 19:00

Nuwejaarsreeks 2009 / 2010 ...

Always be joyful ... No matter what happens, always be thankful, for this is God's will for you who belong to Christ Jesus.
1 Thessalonians 5:16-18

3 Jan	Entoesiasties as ek vorentoe kyk	Johan Beukes

Op soek na ...

… keep on seeking and you will find …
and he who keeps on seeking finds ...
Matthew 7:7-8 AMP

10 Jan	Identiteit	Johan Geyser [AM] Johan Geyser & Johan Beukes [PM]
17 Jan	Community	Trevor Hudson [AM] Trevor Hudson & Jacques Bornman [PM]
24 Jan	Waardes	Johan Geyser [AM] Johan Geyser & Johan Beukes [PM]

Klipkerk *Lectio Divina* – vandag om 18:00
'n Tyd van aanbidding, bepeinsing en gebed rondom vandag se tema.

Klipkerk tydens die Kersseisoen

Klipkerk *Lectio Divina* bly onveranderd om 18:00 op Sondagaande. (Die afsonderingsgeleenthede om 12:00 op weeksdae, hervat weer op 4 Januarie 2010.)

Persoonlike ontwikkeling: Interaktiewe leerervarings 2010

ORIËNTERING is 'n gesprek vir voornemende lidmate en belangstellendes – om jou bloot te stel aan 'n verbintenis aan die plaaslike gemeente.
Eerste gespreksdatum: 30 Januarie 2010
OPwaarts is 'n gesprek oor 'n verhouding met God. 'n Interaktiewe leerervaring om jou te ondersteun met jou verbintenis tot 'n geestelike lewe.
Eerste gespreksdatum: 13 Februarie 2010
METwaarts is 'n gesprek oor 'n lewe in community. 'n Interaktiewe leerervaring, oor jou verhouding met ander, om jou te ondersteun met jou verbintenis tot 'n lewe in community.
Eerste gespreksdatum: 27 Februarie 2010
UITwaarts is 'n gesprek oor lewensdoel en diens. 'n Interaktiewe leerervaring oor jou verhouding tot die wêreld, om jou te ondersteun met jou verbintenistot 'n lewe van betekenis.
Eerste gespreksdatum: 13 Maart 2010

Navrae oor registrasie en kostes:
Sonja Kloppers 011 268 4763 / sonjak@mosaiek.com of by die i-desk.

Mosaïek Akademie 2010

OP101 - Openbaring saam met Prof Jan du Randt: Om die boek Openbaring te verstaan, bly 'n uitdaging. Dit is nie altyd maklik nie maar baie opwindend. As ons daarin kan slaag om verby die moeilike beeldspraak en simboliek te kyk en eerder die groot kontoere van sy boodskap raaksien, is Openbaring die boek vir ons dag. Dit gaan nie net oor die toekoms nie, maar ook oor vandag en het 'n boodskap vir elkeen van ons! Dit gee sekuriteit want God wat op die troon sit, bly in beheer. Kom delf saam met Prof Jan du Rand gedurende ses weke in die rykdomme en skatte van hierdie boek. Prof Jan du Rand is 'n hoogleraar by UJ en die skrywer van die boek, *A-Z van Openbaring*.
Module begin op 20 Januarie.

Navrae: Sonja Kloppers 011 268 4763 / sonjak@mosaiek.com of by die i-desk.

Nuwe Generasie

Planet J (kinderbediening) en Mez'o (hoërskoolbediening)

Planet J en Mez'o is vir die vakansie gesluit. Ons byeenkomste begin weer op Sondag, 17 Januarie 2010. Registrasies vir 2010 kan nou reeds by die i-desk plaasvind.

Planet J-registrasie gelde beloop R100 per kind vir die jaar. Mez'o-registrasie gelde beloop R200 per kind vir die jaar.

Oggenddienste 2010

Vanaf **volgende week** begin ons met 'n opwindende nuwe seisoen in ons gemeentelewe. Verkeer-, kapasiteits- en parkeringsuitdagings en ander tendense lei ons om 'n geloofstap te neem en met twee **oggenddienste** te begin, wat eners sal wees. Planet J en Mez'o sal ook tydens albei dienste bymekaarkom. (Jou rol as medewerker sal 'n groot impak hê in die sukses van dié inisiatief, veral in bedieninge soos Planet J, Mez'o, Verwelkomers, Parkering, ens.)
Navrae: Jacques Bornman
011 268 4708
jacquesb@mosaiek.com
3 bewegings
(OPwaarts, METwaarts, UITwaarts)
2 dienste
(08:30 & 10:15)
1 belewenis ...
Mosaïek AM!

Kerkkantoor tydens die Kersseisoen

Die **gemeentekantore** is gesluit vir die Kersseisoen en heropen op 4 Januarie 2010. Gebruik gerus die **Pastorale Sorglyn** (082 372 6818) vir ondersteuning, of raadpleeg www.mosaiek.com vir ander inligting.

Ouers met klein kinders:

Jy is welkom om die diens op die skerms in die *Lounge* van die Viaticus te geniet, terwyl jou kind op die speelraam speel.

(Die koffiewinkel sal gedurende die week gesluit wees tot 11 Januarie 2010.)

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f: 011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com